

Heilbron-vlieënier gestrand op Maldives

Huurvlug dalk al Saterdag

Dis klink idillies wanneer jy hoor van iemand wat op 'n eiland vasgekeer is, maar dit is allesbehalwe die geval vir Corrie van Loggerenberg (28), oud-Heilbronner. Hy is een van meer as 50 Suid-Afrikaners wat tans op die Maldives vasgekeer is.

Die Maldives, wat amptelik as Die Republiek van die Maldives bekend staan, is 'n ketting van 1200 klein eilande waarvan 200 bewoon word in Suid-Asië, in die Arabiese See van die Indiese Oseaan.

Corrie sê dat hy in Februarie vanjaar 'n werksaanbod aanvaar het by TMA Lugredery. Dié maatskappy vervoer daaglik tussen 4 000 tot 5 000 vakansiegangers met seevliegtuie vanaf die Velana Internasionale Lughawe na die magdom kleiner eilande. Met die koronavirus-pandemie is gebeure in die vakansie-mekka, wat nou hul pickseisoen sou beleef, tot 'n stilstand gedwing. Sy toekomsplanne het in 'n oogwink verander met die aankondiging van

die lockdown in die Maldives en wat sy werk by TMA betref, aangesien die maatskappy se inkomste geheel en al van toerisme afhanklik is. Vlieëniers en grondbemanning se verblyf word ook net vir 'n bepaalde tyd betaal en huurgeld is baie hoog in Malé.

Suid-Afrikaners daar was in kontak met die Suid-Afrikaanse regering, wat toestemming gegee het dat hulle kan terugkeer huis toe. Die Maldives regering het 'n vliegtuig van die Maldivian Airways aan Suid-Afrikaners en 'n paar Mauritius-inwoners beskikbaar gestel, maar vliegkaartjies is steeds vir hulle eie sak. Hulle sou verlede Maandag

kon terugvlieg, maar alle papierwerk was nog nie in plek nie. Hulle hoop nou dat hulle eerskommende Saterdag sal kan terugvlieg waarna hulle vir veertien dae na hulle tuiskoms in isolasie geplaas sal word.

Gaan kyk gerus op Heilbron Herald se Facebook-blad na Corrie se videogreep waarin hy van sy ervaring vertel.



Derde veedief vasgetrek

Die Veediefstaleenheid van die SAPD op Heilbron het gister 'n derde persoon gearresteer na 'n veediefstalpoging Maandagnag op die plaas Voorwaarts van mnr Basie Pienaar. Drade van die skaapkraal agter sy huis is gedurende die nag geknip en skape is aangejaag met die teerpad in Heilbron se rigting. Sowat twee kilometer verder is die skape vasgemaak om te wag vir die voertuig wat die buit kom laai. Die SAPD het op inligting gereageer en met

aankoms het die vier vermeende veediewe probeer vlug. Twee is op die toneel gevang.

Daar is gister nog 'n persoon in Edenville gearresteer en die vierde persoon wat bekend is aan die polisie is nog soek. Die derde gearresteerde was voorheen toegesluit vir veediefstal. Skape is ook terugbesorg aan die eienaar. Veeboere word versoek om getalle gereeld te kontroleer en paraat te bly. Veral potslagtings gaan toeneem.

SKAKEL U NAASTE BEMARKER VIR INSKRYWINGS EN MEER INLIGTING

BKB Louwid FRANKFORT
het hierdie **DONDERDAG**
veiling onder streng COVID-19
veiligheidsmaatreëls

Slegs **KOPERS** sal toegelaat word op perseel. **VERKOPERS** sal direk met **BEMARKERS** kan kommunikeer tydens veiling of reserve pryse vooraf kan deurgee.

Gert Burger 082 822 1952 - Barthel Linda 071 671 1718
Piet Boshoff 083 210 7135 - Jacques Meyer 026 491 0095
Wendol Koster 082 366 1369

Heilbron SPAR

GESEËNDE PAASFEES
vier die Paasweek met
'n hart vol geluk en vreugde!

PAASNAWEEK-WINKELTYE
Vry 08:00 - 14:00, Sat 08:00 - 17:00
Son 08:00 - 14:00, Ma 08:00 - 14:00

INPERKINGSTYE NA PAASNAWEEK
Ma - Sat 08:00 - 17:00, Son 08:00 - 14:00
07:00 - 08:00 Slegs pensioenarisse

FRANKFORT VEILING

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre

Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135

BKB Louwid Noord:
“Waar sake **ELKE** keer die **EERSTE** keer **REG** gedoen word!”

AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07

NAVRAE:
Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

BKB LOUWID

Van uitstel kom afstel?

Van uitstel kom afstel, maar is dit regtig die geval indien jy jou troudatum moet skuif weens COVID-19? Die nasionale tydperk van afsondering het op 26 Maart 2020 begin in die poging om die epidemiese kurwe af te plat in die bekampings van die koronavirus. Daar is geen sekerheid of die inperkings tydperk op 16 April gaan eindig en of President Cyril Ramphosa dit gaan verleng nie. Hierdie krisis beïnvloed beplanning van vele bruidsbare wat van plan was om einde April of Mei te trou. Dit is moeilik om bloot op 'n nuwe troudatum te besluit weens 'n ingewikkelde beplanningsproses en om op 'n spesifieke én beskikbare datum te besluit. Verskeie mense gee raad rondom die saak en dink 'n sitkamertrou is 'n oplossing, maar dit is nie die droomtrou wat meeste bruide in gedagte het nie. Vriende en familie gee hulle opinies om die inperkings tydperk deur te wag en te kyk wat gebeur, dit is te verstane dat dit moeilik is om in die onbekende toekoms te beplan en elke verskaffer voel dieselfde. Sodoende stel bruide hulle troues onbepaald uit en die oorspronklike opwinding kwyn bietjie vir bietjie. Tog moet bruidspare verstaan dat die hele ding wat 'n troue maak is... trou! Dit wat saakmaak in die huwelik is liefde. Datums, troulokale en die hoeveelheid gaste is slegs 'n bysaak. Die korona-krisis beïnvloed die trou-industrie, soos alle ander besighede. Kenners in die Heilbron-omgewing is gevra om hulle menings te deel en volgens Wade Berry, kenner in die hotel- en gasvryheidsindustrie sê: “Geen maatskappy in die trou- en gasvryheidsindustrie gaan nie swaar kry nie. Ons moet bly bid en glo dat die industrie sterk sal staan.” 'n Bekende naeltegnikus in Heilbron verduidelik ook dat hierdie buite haar beheer is en dit belangrik is om positief te bly. Chandré Myburgh sê dat sy

haar eie inkomste bepaal deur 'n diens te lewer en as 'n klein eenmansaak het sy gelukkig die nodige spaargeld beskikbaar vir gevalle soos die inperkings tydperk. As besigheidsbelang is dit belangrik om geen skuld te hê nie en goedere kontant te koop sodat debietaftrekkings beperk kan word. Met behulp van die Here se genade is sy waar sy vandag is “en ek weet dat my en soveel ander eenmansakies dit sal maak, want Hy kyk na ons en Hy sorg vir ons.” Sy gebruik egter hierdie 21 dae om haarself in haar loopbaan te ontwikkel en fokus op nuwe geleenthede wat kliënte na die besigheid sal lok. Daar is geen sprake van moedeloos word en opgee nie. Verskeie ander klein besighede is ook in die diepkant gegooi en haarkapsters by Salon Zinadri moes deposito's terugbetaal aan kliënte waar troues nie meer kan plaasvind nie. “Sodra ons weer mag werk sal ons almal so gou as moontlik probeer help en ons bruide se datums inpas soos dit ook die troulokale pas” vertel Driekie Flemming, eienaar van Salon Zinadri. 'n Professionele fotograaf van die omgewing, Marlize Loots, verduidelik dat as fotograaf mens minstens 2 naweke bespreek moet hê om gelyk te breek en die lockdown veroorsaak dat 3 naweke verbygaan wat niemand iets mag doen nie. Elkeen gaan hard moet werk om weer bo uit te kom. Bruide kry die geleentheid om met beplanning voort te gaan en in kontak te bly met verskaffers. Die fyner besonderhede kan nou soos 'n tydlyn uitgelê word vir jou troudag en besluitneming vir watter foto's deur die fotograaf geneem kan word en watter gunsteling liedjies op jou speellys is vir die platejoggie. Maak 'n lys van vrae vir betrokke verskaffers om meer duidelikheid te kry oor die dinge waaroor jy wonder. Meeste verskaffers verkies dit om so gou as moontlik te herskeduleer indien nodig en datums met hulle te bevestig.



Veels geluk!

Die Claasen-makietie het plaasgevind op 14 Maart 2020 by Francolin Creek tussen Heilbron en Frankfort. Joanita Steenkamp is in die eg verbind met Neels Claasen, seun van Peet en Louise Claasen. Hy is 'n Heilbronner en ook oud-leerling van Eendracht Volksskool, Heilbron. Joanita is die dogter van Pieter en Anita Steenkamp van Drie Riviere en het haar skoolloopbaan by Vereeniging Hoërskool voltooi. Die paartjie vestig hulself in Heilbron waar Neels voortgaan met sy boerdery en steeds werksaam is by Kopanang, terwyl Joanita as Homeopaat beoog om haar eie praktyk hier in Heilbron te open.



Op 14 Maart 2020 is Suné Human in die huwelik bevestig met Christian Els. Suné is die enigste dogter van Piet en Marleen Human van Riebeeckstad. Haar eggenoot, Christian Els, is die oudste seun van Edmund en Riana Els, albei oorspronklik van Heilbron. Hulle trou by Lavender Hill in Bethlehem en kies hierdie venue as gevolg van die tradisionele Oos-Vrystaat gevoel. Beide woon en werk in Heilbron. Suné bly aan as onderwyseres by Sandersville Gekombineerde Skool en Christian as voorman by Benjamin Boerdery

Kreatief, besig en veilig tydens Lockdown



Hierdie niggies het besluit om kontak te hou gedurende die grenslydperk en het heerlik pret gehad deur boodskappe vir mekaar uit te spel met die gebruik van ligamposisies.

Heilbron se strate is verlate en terwyl sommige besighede wat noodsaaklike dienste lewer in Heilbron nog oop is, is ander tuis vasgevang. Meeste mense kry nou tyd vir allerhande huishoudelike takies en spandeer meer tyd met hul familie en kinders. Ander het die geleentheid gekry om weer ou stokperdjies te beoefen en het weer begin hekel en brei. Indien jou gunsteling aktiwiteite uit visvang, bergklim en draf bestaan sou jy 'n ander plan moes maak. Heilbron is oor die algemeen 'n rustige dorpie, tussen die gereelde dreuning van grassnyers hoor mens heeltyd die voëls wat sing. Is dit omdat die natuur die geleentheid kry om te herstel of bloot net omdat mens nog nooit opgelet het nie? Moederaarde trek voordeel uit die uitbreking van die koronavirus deur aktiwiteite in verkeie lande en stede wat tot stilstand gekom het. Danksy die gebrek aan toerisme het visse, swane en dolfyne teruggekeer na Venesië se kanale.



Haroon Ali Rao tydens familietyd en TV kyk met lekkergoed en tee.

Verskeie dele in die wêreld het ook soortgelyke verandering in die natuur getoon. Ná die konstante dryf in ons daaglikse leefwyse huistoe kry jy nou die geleentheid om rustig te raak. Heilbronners is gevra om hulle aktiwiteite om die tyd te verdryf met 'n foto te deel en bordspeletjies, familietyd en laag-lê-lui-wees het uitgekom. Heilbron Herald nooi elke inwoner uit om ons te wys en te vertel wat hulle doen om die tyd vinniger te laat verby gaan. Stuur jou "lockdown lowdowns" na heraldnuus@heilbron.co.za en onthou om jou naam en kontakbesonderhede in te sluit.



Pierre Erasmus besig met verskeie herstel- en tuinwerk.

GEKLASSIFISEERD

Small's

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Celéste herald@heilbron.co.za
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- Delareyz finance@heilbron.co.za
(Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za
(Bestellings ens.)
- Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Silma heraldnuus@heilbron.co.za
(Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron,
Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Vr 10 Apr.	11 / 23	Gedeeltelik bewolk, matig
Sa 11 Apr.	10 / 26	Gedeeltelik bewolk, warm
So 12 Apr.	12 / 25	Sonnig, warm
Ma 13 Apr.	12 / 21	68% kans vir donderbuie
Di 14 Apr.	8 / 22	93% kans vir donderbuie
Wo 15 Apr.	8 / 23	Sonnig, koel
Do 16 Apr.	9 / 25	Gedeeltelik bewolk, matig
Vr 17 Apr.	11 / 26	Sonnig, matig
Sa 18 Apr.	11 / 26	Gedeeltelik bewolk, matig
So 19 Apr.	11 / 22	72% kans vir donderbuie
Ma 20 Apr.	9 / 21	Sonnig, koel

JAARBEPLANNER 2020

MEI

2 Mei AGS Kerk - Kermis
8 Mei NG Moedergemeente Visete
13-15 Mei Hoërskool Heilbron Revue
26 Mei Bloedskenk NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 tot 18:30

JUNIE

6 Jun. AP Kerk - Basaar
26 Jun. AGS Kerk - Pannekoek verkoping

JULIE

25 Jul. AGS Kerk- Potjiekos
28 Jul. Bloedskenk - NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 tot 18:30
31 Jul. BoereTreat

AUGUSTUS

1 Aug. BoereTreat
11 tot 14 Aug. NAMPO

SEPTEMBER

22 Sept. Bloedskenk - NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 tot 18:30
29 Sept. Blyweesfees - NG Suidgemeente

OKTOBER

31 Okt. AGS Kerk - Pik-en-Proe etc

NOVEMBER

24 Nov. Bloedskenk - NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 tot 18:30

DIENTE



VIR SNY-, HARK-
EN BAALWERK.
Kontak
Evert Kleynhans
072 018 3685

BAAL /
SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553



TE HUUR

HEILBRON
ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531



Andries Muller
072 447 7446


Vrystraat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.
Kontak ons gerus vir flinke en vriendelike diens.

Herald

Office National



SUDOKU

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

EIENDOMME

VAN DER MERWE &
VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

KENNISGEWINGS

KENNISGEWING

In die Landroshof vir die distrik van Reitz gehou te Reitz.

Saakno: 314/2015

In die saak tussen:

LINDEWE NTOBELA

Eiser

en

MRS SARAH MOKOENA

Identiteitsnommer: Onbekend

Verweerder

Ingevolge vonnis gelewer op 10 November 2015 in die bogemelde Landroshof en Lasbrief van Eksekusie daarna uitgereik word die goedere hieronder beskryf in eksekusie verkoop op 8 Mei 2020 om 10:00 te De Wetstraat 22, Reitz aan die hoogste bieder:

GOEDERE

- 1 x KIC WATER DISPENSER YSKAS
- 3 x KOMBUISKASTE
- 1 x MIKROGOLFOOND
- 1 x TAFEL & 4 STOEF
- 1 x 4 PLAAT STOOF

Voorwaardes van verkoping:

Neem verder kennis dat

Hierdie is 'n verkoping in eksekusie kragtens 'n vonnis bekom in bogenoemde hof in terme van Regulasie 20(3) van die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008, is die volledige advertensie en beskrywing van goedere beskikbaar 24 uur voorafgaande die verkoping te die kantoor van die Balju Reitz, De Wetstraat 22, Reitz.

Registrasie as koper is 'n vereiste onderworpe aan bepaalde voorwaardes o.a

3.1. voorskrifte van die Verbruikers-Beskermingswet 68 van 2008 (URL <http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961>)

3.2 Fica-wetgewing m.b.t. identiteit & adres-besonderhede

3.3 betaling van registrasie

3.4 registrasievoorwaardes

Verkoping sal geskied deur die kantoor van die Balju Reitz met afslaer Wynand Minnie, 083 654 7512.

Advertensiegeelde teen heersende publikasietariewe & verkopingkoste volgens Hofreëls, geld wyse van betaling: Kontant, bankgewaarborgde tjek of elektroniese inbetaling onderhewig aan aanvaarbare bewys van betaling.

Gedateer te Reitz op die 12de dag van Maart 2020.

W MINNIE
BALJU
W MINNIE
AFSLAER

BLIGNAUT & WESSELS
PROKUREUR VIR EISER
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
REITZ
VERW: MNR BLIGNAUT/re/N446

KORONATOETS

Het jy 'n hoes?	1
Het jy verkoue?	1
Het jy diaree?	1
Het jy 'n seerkeel?	1
Het jy lyfseer?	1
Het jy hoofpyne?	1
Het jy 'n koors? (hoër as 37.8°C)	1
Sukkel jy om asem te haal?	2
Is jy baie moeg?	2
Het jy gereis in die afgelope 14 dae?	3
Reis jy gereeld in Covid-19-besmette gebiede?	3
Het jy kontak met iemand wat 'n besmette persoon versorg?	3

Merk die punt wat langs die vraag staan en tel dit bymekaar
UITSLAE

0-2 Lae risiko, dit kan stresverwante simptome wees
3-5 Hidreer en pas persoonlike higiëne toe. Hou jouself dop
6-12 Kontak u dokter

12-24 Skakel die COVID-19 noodlyn: 080 002 9999 of

Gaan kyk ook na die aanlyntoets by <https://t.co/xFzIqsGaeB>

AANDAG: Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.

WEEK 2

Vanaf Januarie 2019 ry ek elke werksdag dieselfde pad werk toe. Danksy jarelange gebede wat beantwoord is, is dit genadiglik nie na 'n skool om te gaan skoolhou nie. Ek dink ek het my deel vir die minister en die land se kinders gedoen.

DIS NIE VER NA MY WERKSPEK NIE: 8.5 km vandat ek my motortjie *opstart* totdat ek onder die skadunet intrek. Ek ken al elke verkeerslig op pad soontoe (drie, om presies te wees). Ek ry verby SANRAL se kantore, hierna kry ek die eerste verkeerslig. Dan aan die agterkant van Kloofhospitaal verby, daarna aan die voorkant van die hospitaal. 'n Paar verkeersirkels daarna stop ek by 'n verkeerslig waar twee groot strate kruis. Nog net drie blokke, dan regs en twee verkeersirkels verder is ek by die werk.

Dit raak later soos iets wat mens in jou droom kan doen. Ek weet wanneer ek my eie baan het wanneer my straat met 'n ander een kruis. Ek weet presies hoe lank die rooi lig gaan duur, want ek het dit al getel. Ek bid die Wapenrusting vir vandag tussen hierdie en daardie sirkel, dan kan ek, wanneer ek die opdraende bereik, die radio aansit want dan behoort dit die nuushoof trekke te wees.

Creature of habit, seker. Ek ry nie somer 'n nuwe pad nie, ek hou van myne.

So het ek uitgevind dat hierdie inperking die *habit of this creature* weereens aanwakker. Aanvanklik het ek gedink dat ek elke dag, vir die volgende 21 dae, iets lekker doen en dit dan neerskryf. Maar o, wee. Die *creature of habit* is besig om my oor te neem.

Ek en my goeie man is van die bevoorregtes wat steeds kan werk en salaris kan verdien, alhoewel ons dit van die huis af doen. Hy het die eetkamertafel omskep in sy kantoor en ek sit in die gastekamer.

Ek begin teen 08:00 en iewers werk ek 'n heerlike, yskoue appel in. Teen omtrent 12:45 maak ek gou vir ons iets om te eet. Dan is dit terug na die skootrekenaar toe, gewoonlik met ten minste een hond op my hakke.

(So het ons weer twee honde bygekry: hulle kuier by ons totdat hulle mensemamma en -pappa weer tuis is, anders sou die twee alleen moes bly. Amy is 'n wit Labrador want *whine*. Sy is vernoem na Amy Winehouse. Pebbles is 'n pragtige jong, bruin Labrador. En dan natuurlik ons eie telgie wat sekerlik al deel is van ons genepoel.)

WANNEER DIE WERKSDAG VERBY IS, DOEN ONS GOU 'N PAAR OEFENINGE. My goeie man het 'n *wellness program* wat vier keer per week gestroom word.

Ewenwel. Ons kan nie elke dag winkel toe gaan of elke tweede dag 'n brood gaan koop nie. (Ek het juis verlede week vertel van die Kitebrood wat ek gebak het.) Ek het al twee keer winkel toe gestap. Afdraende, so 1.5 km, met 'n lê rugsakkie. Ek maak seker dat die winkeltrollie ontsmet is, so



ook my hande, wanneer ek die winkel binnegaan. Ek mag net koop wat in die rugsakkie pas. En dan stap ek terug. Ek het wel agtergekom dat 'n boks piesangs of 'n boks *persimmons* nie in die sak pas nie. Dan moet dit gedra word. Plus die sak op my rug wat teen hierdie tyd ten minste een 2-liter melk in het, 'n 1kg jogurt, drie glasflessies met *kondimente* in, 'n tydskrif en 'n paar ander benodigdhede, bevat.

Wat my verbaas is dat die terugstap huis toe, opdraende, met die vol rugsak, 'n volle 100m korter is as die afdraende. Hoe verklaar

jy dit?

Iedergeval. Na werk is dit steeds dieselfde roetine: maak kos, kyk TV, gaan later slaap. More dieselfde ding. En dit verveel my glad nie. Week 2 sover is goed.

WAT HET EK HIERDIE WEEK GELEER? Dis is makliker om ciabatta te bak as wat ek altyd gedink het. Hier is vir jou 'n resep:

4 koppies koekmeel, 2 koppies loutwarm water, 1 sakkie kitsgis, 1 ruim tl sout, 2 tl suiker

Gebruik 'n groot menger met die K-klitser. Dalk het die K-klitser 'n regte, geleerde naam, maar ek weet nie daarvan nie. Klits al hierdie bestanddele vir 10 minute lank. Bedek die bak en laat staan vir 4 ure. Gebruik bakplate en smeer dit goed. Sit die oond op 200°C. Gooi baie meel op 'n werksoppervlak en gooi die beslag daarop uit. Sny dit af met 'n broodspatel of 'n plastiese deegskraper wat jy eers in meel gevryf het. Jy kan twee brode maak, of 'n aantal kleintjies. Sit dit op 'n bakplaat en bak 20 - 30 minute totdat dit ligbruin is. Dis lekkerder as die winkel s'n.

Ek het nog nie probeer om met 'n yskoue bak roomys die opdraende vanaf die winkel aan te durf nie. Daarom het ek somer ons eie Lockdown roomys gemaak. Gereed vir hierdie een?

2 koppies room, 3 ruim eetlepels strooi- of versiersuiker, of meer na smaak, 1 blikkie ingedampde melk, verkoel, 1 blikkie gekondenseerde melk, 2 eetlepels Milo, of meer na smaak.

Klits die room redelik styf en klits die suiker by. (Proe of dit lekker is.) Klits die ingedampde melk tot styf en klits die Milo by. Vou die twee stywe stories bymekaar in. Roer die gekondenseerde melk by. Hier is dit broodnodig (excuse the pun) om te proe of dit reg proe. Gooi in 'n plastiekbak, groter as 'n gewone 2-liter roomysbak. Vries dit. (Jy kan elke uur gaan proe of dit nog lekker is). Wanneer dit gevries is, vat die hele bak en gaan sit daar waar niemand jou kan sien nie. Dis lekkerder as lekker. En verbasend sag.

Dus: hoe gedra ek myself tydens inperking? Baie goed. Ek hou by my roetine, doen my werk waarvoor ek betaal word, maak een kamer per dag skoon, sorg dat die wasgoed gewas word, oefen af en toe, bak brood en eet skelm roomys.

Ek dink amper my goeie man gaan hier lees. Nou ja, nou sal ek seker die roomys moet deel.

Romeine 6: 5-6

Aangesien on met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in Sy opstanding.

Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kan word. Ons is nie langer slawe van die sonde nie.

Mag u 'n Geseënde Paasfees geniet in hierdie tyd!

Alhoewel normale kerkdienste nie kan voortgaan nie, kan u kerk, waar jy ook al is!

Besoek gerus www.kieskerk.com Verskeie aanlyn-kerkdienste is beskikbaar om te besigtig



SKOLENNUUS

Met al die spottery wat op sosiale media die rondte gedoen het, het meeste mense al gesien dat die Marieks van 2020 die eerste klas sal wees wat graad 13 sal voltooi. Maar alle grappies op 'n stokkie, Hoërskool Heilbron verseker dat u kind nie gaan agterraak nie.

'n Brief is uitgereik deur die skoolhoof, Peter Smith, en 'n getikte weergawe is daarvan op Hoërskool Heilbron se Facebook-blad geplaas. Hierin het hy verduidelik dat 'n kind nie kan agterraak indien die hele Onderwysstelsel tot stilstand gekom het nie. “Almal is in dieselfde bootjie.” Daar is duidelikheid gegee dat onderwysers nie huiswerk aan kinders kan gee indien die werk nog nie behandel is nie. Daar is nog geen werk van die tweede kwartaal gedoen nie, en daarom kan leerlinge nie huiswerk doen nie. U kind sal egter nie geassesseer word op werk wat nog nie deur die onderwyser behandel is nie. Dit is belangrik om te weet dat werk wat deur elektroniese media verskaf is nie geassesseer sal word nie en die wat nie toegang daartoe het nie, nie benadeel sal word nie. Elke leerling word in ag geneem en niemand word benadeel as gevolg van die inperking nie. 'n Beroep word aan ouers en voogde gedoen om nie die rol van 'n onderwyser te probeer

oorneem nie, aangesien vasgestelde metodes gebruik word om begrippe by leerlinge vas te lê. Dit is iets waarin ouers nie onderleg is nie en dus moet hulle nie self toetse en werksvelle opstel vir hulle kinders nie. Die regte tegnieke sal bemeester word terug by die skool.

Hoërskool Heilbron is van plan om 'n inhaalprogram in plek te stel wanneer daar sekerheid is oor hoe lank die inperkingstyd sal duur. Die kurrikulum-dekking vir die res van die jaar, sowel as die assesserings-programme sal aangepas word afhangende van die tydsduur van die inperking.

In 'n nuusflits uitgereik op 7 April 2020 deur die SAOU is daar aangedui dat skole voorlopig vir onderwysers op 20 April open en vir Leerders op 21 April. Daar word gewag vir leiding van die Onderwysdepartement voordat die inhaalprogram in werking gestel sal word. Hierdie plan sal voorsiening maak vir aangepaste assessering sodat Nasionaal dieselfde in elke skool gedoen word. Mbinqo-Gigaba, voorsitter van die portefuëljekomitee oor basiese onderwys in die parlement, het gesê dat graad 12 leerders hulle tyd slim moet gebruik vir die komende Junie-eksamens.

Die Graad 12 onderwysers van

Hoërskool Heilbron werk op 'n daaglikse basis met die matrieks deur middel van Whatsapp-groepe. Van die vakonderwysers gee daaglikse werk en ander het dit eenmalig deurgegee. Verskillende platforms word gebruik om met mekaar te kommunikeer. Mbinqo-Gigaba het ook gesê: “By die voorlegging van die departement verlede maand het die komitee gehoor dat die skoolkalender gewysig sal word om die verlore tyd in te haal.

Die Junie-vakansie sal met sewe dae verkort word en die September-vakansie met twee dae.”

Wat kan u as ouer en voog steeds by die huis doen?

1. Indien moontlik gee hul blootstelling aan dit wat op elektroniese media beskikbaar is.
 2. Speel opvoedkundige speletjies.
 3. Hou hul besig met dagtakies om die huis.
 4. Speel met hulle om fisiese aktiwiteite te bevorder.
 5. Laat hul lees en toets hul begrip van wat gelees is.
 6. Waardeer weer jul onderwysers en bid vir hulle.
- Mbinqo-Gigaba het gesê dat die komitee daarin glo dat die inhoud wat aan leerlinge

op die departement se webtuiste en sosialemediaplatform beskikbaar is, sowel as hulpbronne van maatskaplike vennote, voldoende is om die leerlinge besig te hou tydens die inperking. Sy het leerlinge aangeraai om die hulpbronne te gebruik. Die departement het ook talle vraestelle in al die matriekvakke uitgereik en elektronies beskikbaar gestel. J.A. Malherbe Primêre Skool neem egter kennis van die verskeie platforms wat druk plaas op akademiese voorbereiding en tuisonderrig tydens die inperkingsperiode, soos uitgereik op 30 Maart 2020 en ook geplaas op die Facebook-blad. Volgens Skoolhoof, B.A.F. Bosman, is dit nie in enige leerder se belang om verskillende werk in elke ander huishouding te probeer doen nie. “Die kennis en verantwoordelikheid om hierdie inhoud aan leerders bekend te stel en vas te lê berus by ons as onderwysers wat opgelei is om die kurrikulum en assessering-standaarde wat daarop gebaseer word, aan te bied.” Deeglike beplanningssessies sal deur die skool plaasvind om akademie eerste prioriteit te maak sodra skole weer gaan heropen. Bosman eindig sy brief af met: “Ons weet mos dat elke krisis 'n vervaldatum het - dinge gaan weer beter word!”




Talle H-2A-boere bly agter

Die SAL het skielik vlugte gekanselleer terwyl baie manne reeds in vliegtuie gesit het en ander reeds in rye gewag het. Dit laat groot kommer by die VSA regering aangesien die landbou sektor in die VSA sterk leun op die H-2A program. Talle Suid-Afrikaanse boere moes in die land bly weens die Covid-19 virus. Baie van die Heilbronniers wat deel is van hierdie program kon net betyds vlieg na hulle bestemming waar hul betrokke is in landbou. Ander se visa's is egter teruggetrek om die verspreiding van die virus te beperk deur mense wat die kans vat om na hoë risiko lande te gaan. Die USCIS het aanpassings gemaak en is bereid om die kans te vat vir H-2A werkers om steeds oor te gaan en besef dat hierdie werkers 'n groot bydrae lewer om voedselsekuriteit vir die VSA te bewerk. Wat wel die geval is, is dat van die 3 miljoen boere in die VSA is daar 1 miljoen aktiewe boere en slegs 12 000 van hulle gebruik die H-2A program. Die 12 000 boere bring 270 000 H-2A werkers in waarvan 97 % van uit Mexico kom

en Suid Afrika dra so 4 500 by tot die getal, dus 1.66% van die totaal. Louis van der Westhuizen is egter een van die Heilbron-boere wat ingeperk is in Suid-Afrika en met die huidige situasie gaan hy moontlik eers Augustus oorgaan wanneer die stroop tyd in daardie omgewing begin. Hy is dankbaar dat hy huidiglik by sy pa, Bertus van der Westhuizen, bekend as Heilbron Massey kan werk, maar talle ander boere het staat gemaak daarop om weer oor te gaan. Rickus van Zyl en Corné Calitz is onder andere twee van die Heilbron boere wat veilig by hulle bestemmings gekom het en hard aan die werk is. Corné vertel dat in sy omgewing is daar tot dusver net een geval in die dorp en beskou dit as rustig aan sy kant van die water en deel sy meegevoel met die situasie in SA. Die nodige papiere is egter in plek indien hulle ook op *Lockdown* geplaas sou word. Verkeie inligting word deurgegee op USA FARM LABOUR en CV Placements se Facebook-blaai rondom die gebeurte.o.v. die H-2A programme en hoe daar tewerk gaan.

Skenk bloed – red 'n lewe



SANBS

SANBS het Heilbron op Dinsdag, 24 Maart 2020 besoek met die oog daarop om soos al vantevore 100 eenhede bloed in te samel. Hulle het egter net 73 eenhede bloed ingesamel, wat steeds as 'n goeie getal gereken word. Die bloeddiens gaan voort en dit is belangrik om te weet dat die nodige maatreëls, wat ingestel is deur president Cyril Ramaphosa verwelkom word deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens. Die SANBS nooi elke skenker uit om aan te hou bloed skenk tydens die pandemie om sodoende te voorkom dat bloed-voorraad verlaag. Al die skenking-sentrums sal oop wees met verlengde ure om die sosiale distansie maatreël te akkomodeer. Afsprake kan ook met jou naaste sentrum gemaak word om lang rye te voorkom. Die SANBS verseker ook almal dat die nodige voorsorgmaatreëls in plek is en wil mense verseker dat fasiliteite beskerm is met die nodige antiseptiese middels en alkohol basis “wipes”. Die fasiliteite word ook gereeld ontsmet met alkohol. Mense kan egter net bloed skenk indien hulle gesond voel om so te doen.

Die personeel by sentrums is opgelei om simptome van die COVID-19 virus te identifiseer. Sou 'n skenker sleg voel en enige verkoue tipe tekens toon sal hulle nie binne die fasiliteite toegelaat word nie. As voorsorg sal skenkers moet uitstel indien hulle deel was van groepe soos: mense wie gereis het na geaffekteerde lande buite Suid-Afrika, vir 21 dae, mense met bevestigde gevalle van die Korona-virus infeksie sal uitgestel word vir 28 dae vanaf die datum van genesing, en mense wie in nabye kontak gekom het met bevestigde of vermoedelike gevalle sal ook uitgestel word vir 21 dae vanaf die laaste dag wat kontak gemaak is. Die bloedskenksentrums toets nie vir die Korona virus nie, dit is slegs beskikbaar by 'n gelisensieerde mediese laboratorium. Indien jy voel jy is in gevaar en vrees dat jy dalk geïnfekteer is met COVID-19, kontak dringend die tolvrye hulplyn op 0800 029 999.

Begrafnisse mag voortgaan

Neem kennis van dié regulasies

Met 'n mediaverklaring uitgereik op 2 April 2020, vrygestel deur Ministry for Cooperative Governance and Traditional Affairs, word streng wetgewing toegepas oor hoe 'n begrafnis tydens "lockdown" mag voortgaan. Die minister van COGTA maak aanpassings aan die COVID-19 regulasies. Hierdie wysigings sal die nasionale geïntegreerde reaksie-maatreëls verbeter, terwyl die toepassing van die regulasies rakende maatreëls van die regering om die besmettingsrisiko te verminder en die vinnige verspreiding van die COVID-19-virus beperk word, terwyl die integriteit van die inskakeling gehandhaaf word. Bewegings ten opsigte van begrafnisse word in die wysigingsregulasies uitgeklaar. Die wysigings stel sekere individue in staat om tussen provinsies en metropolitaanse en distriksgebiede te beweeg met die doel om 'n liggaam vir begrafnisdoeleindes te vervoer. Die wysiging beperk ook die individue wat toegelaat word om na begrafnisse te reis. Die regulasie skets nou 'n proses vir persone wat tussen provinsies of tussen metropolitaanse en distriksgebiede wil reis om 'n begrafnis of verassing by te woon om 'n permit te kry. Dit bepaal verder dat slegs die volgende persone wat buite 'n provinsie of metropolitaanse en distriksgebiede woon, 'n begrafnis mag bywoon: (i) eggenoot of lewensmaat van die oorledene; (ii) kinders van die oorledene, hetsy biologies, aangenome of stiefkinders. (iii) skoonkinders van die oorledene; (iv) ouers van die oorledene, hetsy biologies, aangenome of stiefouers; (v) broers en susters, hetsy biologies, aangenome of stiefbroer of suster van die oorledene; (vi) grootouers van die oorledene; en (vii) persone wat nou verbonde is aan die oorledene. Die huidige verbod op 50 persone wat 'n begrafnis bywoon, is nog steeds in werking. Die hou van 'n nagwaak is steeds verbode.

Die permit kan verkry word van 'n Landdros wat die kantoorhoof is of 'n stasiebevelvoerder van 'n polisie-stasie of 'n persoon wat deur hom of haar aangewys is. **Om 'n permit te kry:** 'n Landdros wat die kantoorhoof is of 'n stasiebevelvoerder van 'n polisie-kantoor of 'n persoon wat deur hom of haar aangewys is, moet van 'n doodsertifikaat of 'n gewaarmerkte afskrif van 'n doodsertifikaat voorsien word; Dit is belangrik om daarop te let dat 'n permithouer gedurende die begrafnis of verassing in 'n hotel, lodge of gastehuis mag bly. Die permit moet aan die eienaar of bestuurder van die hotel, lodge of gastehuis aangebied word. Die COVID-19-regulasies en wysigings kan verkry word vir aflaai op: <http://www.cogta.gov.za/?p=7871> of <https://bit.ly/2X46YJI>

Paasaweek se padsterftes het laasjaar met 40% gedaal in vergelyking met dieselfde tydperk in 2018. Vanjaar is paasaweek 10-13 April 2020 en weens die inperkings tydperk verander die paashaas dalk nou in 'n isolasiehasie of kwarantynkonyn en paaseiers word in die huis weggesteek. Laasjaar se syfers het gewys dat met vasberadenheid, gehoorsaamheid aan die basiese padveiligheidsreëls asook samewerking tussen die regering en padgebruikers, die vlaag padongelukke gestuit kan word. So het die minister van vervoer, Blade Nzimande verduidelik. Hierdie jaar sal mense moet tuisbly weens die Covid-19 uitbraak en gevolglik die isolasie tydperk. Mense sal tuis moet bly wat die paaie aansienlik veiliger en stiller sal maak en Suid-Afrika se padsterftes sal daal. Vryheidsdag en Werkersdag is kort om die draai en indien die inperkingsperiode verstreke is sal padreëls nagekom moet word om hierdie syfer laag te hou. Met behulp van wetstoepassers, verskillende staatsdepartemente, betrokkenes in die privaatsektor en motoriste kan 'n bydrae gelewer word om paaie veiliger te maak.



Goeie nuus vir dié Paastyd

OUR DIGITAL SERVICES ARE OPERATIONAL DURING THE COVID-19 LOCKDOWN

ORDERS, FOR THE FOLLOWING SERVICES, ARE STILL OPEN DURING LOCKDOWN FOR PROCESSING:

- Design
- Print
- Signage
- Stationery
- Office Furniture
- Branded Clothing & Apparel

Heilbron Herald

For more information contact us on: 083 269 9257 | heraldoffice@heilbron.co.za

Local is lekker!

• Tom Watson

Koop plaaslik - Koop in Heilbron.
Jip, waar is al die saamry, verskoningsoekers, uiteet (veral huisvroue), taxis, noudat die Korona-virus se “lockdown” hul teruggebring het na hul grootste belegging - hul eiendom in hul tuisdorp!
Hoor nou die aand op die kassie dat die “local” weer lekker word.
Korona is besig om met 'n draai weer lewe te skep in die kleiner dorpe - dalk sal daar weer eendag tennisklubs, rugbyklubs, en al daardie kultuur bewegings van ouds totstand gebring word?
SPAR is seker weer een van die eerste kruideniersondernemings wat tuisaflewering begin het.
Laat my terugdink aan oom Louw van Rensburg (Coena se oorlede pa), onder die naam van Naudé en Kie, wat in die sestigerjare met sy vloot mikrobussies plaasboere en hul werkers op hul plase bedien het met kruideniersware. Daardie dae het die huisvrou net die telefoon opgetel (dalk nog die slingersoort) en vir die “nommer asb” dame gevra om haar deur te sit na die Handelshuis of Riemland Bakkerij.
Die tennisklub en gholfklub het baie lede gehad wat Saterdag en selfs Woensdae meegeding het, want die prokureurs, ouditeure, banke, ens was Woensdaemiddae gesluit en Saterdag was net die banke oop vir 'n paar uur - net vir die laatslapers wat geld moes trek



“Sign of the Fall “ -
Amerikaanse gesegde dat Herfs op ons drumpel is.

en kleinhandelaars wat kleingeld nodig gehad het.
Ja, dan was daar ook die Pretoriusgesin wat melk versprei het, deur-tot-deur, vroeg elke oggend - en ja, amper vergeet ek van oom Morris Fox. Hy het geboer daar anderkant die veilingskrale waar die spoorlyn geloop het. Hy was 'n groenteboer en het weekliks met 'n perde-sleepwa deur die dorp se strate gery en huisvrouens van groente voorsien.
Om terug te keer na my gedagte van ons lewe van mekaar - dit is tans weer besig om pos te vat!
Onthou toe Heilbron in die sestigerjare se bevolking uit 2200 blankes, sowat 4500 swartes en kleurlinge bestaan het!
En daar moet genoem word dat Heilbron baie uitgebrei het -

Vegkopenbreiding was daardie jare 'n koeikamp!
Seker een van die “veranderings” die afgelope jare wat myns insiens nog moet werk, is die melkbedryf wat geheel en al radikaal verander het tot so 'n mate dat daar glad nie meer op plase in die omgewing gemelk word nie! Kan nie dink dat varsmelk nou bedreig word deur langlewemelk nie.
Waar is die dae wat elke plaas 'n melkstal gehad het - boere en hul werkers 'n kannetjie room verkoop het om kruideniers te koop?
Het die wêreld te klein geword!
Of is ons besig om weer terug te keer na “localism” lokalisasie?
- TIME GENTLEMAN



KORONAKENNIS

HULPLYN 080 002 9999
WHATSAPP 060 012 3456

Toon u sekere simptome?
Skakel die hulplyn EERS, daar sal u die nodige inligting verkry!

Moenie direk na die kliniek of hospitaal gaan voor u nie deur die hulplyn daarheen verwys is nie!

Sperdatum vir advertensies en bydraes vir die Heilbron Herald is WOENSDAE om 10:00

LOCKDOWN-PRYSE



Vark rugtjops @ R62.50/kg.
Heel skaap @ R74.99/kg.
Plaashoender @ R37.80/kg
12,5kg Super Miellemeeel @ R64.99

ONS LEWER AF
Whatsapp jou bestelling, naam en adres na 082 781 6163

NOU OOK BESKIKBAAR
500ml Hand Sanitiser @ R74.99
Masker @ R20 elk



082 781 6163
0800 781 6163

Langmarkstraat, Heilbron

Vir enige advertensies of nuus vir die koerant kontak Silma by
083 363 6553 Elsstraat 44 • Heilbron



Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za



JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067





NOU IS DIE TYD!

Belê in meerdoelige lynwol Letelle Stootramme!



6 GEKEURDE,
prestasie getoetste jong ramme met 100 jaar se lyn en Inteling agtergrond. Groepparing met objektiewe metings as riglyne van goeie moederselenskappe.

6 RAMME SE GEMIDDELDE

- Mikron 19
- CF 99 plus
- Skoon opbrengs 59%
- Treksterkte 40%

LETELLE

KONTAK BESONDERHEDE: 083 644 0094 | tomw@heilbron.co.za